

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 35: Naso (נשא) – Op te lig

יהרה *het met Moshe gepraat en gesê: “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families, Num. 4:21 en 22 – PWL.¹*

Torah: Num. 4:21 tot 7:89.

Haftorah: Rigters 13:2 tot 25.

Nuwe Verbond: Luk. 3:23; Matth. 8:1 tot 4; Mark. 1:40 tot 45; Matth. 5:27 tot 32; Hand. 21:17 tot 22:29; Rom. 13:9; 1 Kor. 6:9 tot 11; Gal. 5:19; Joh. 7:53 tot 8:11; Jak. 2:11.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 35 wat afgelaai kan word by: [Parashah35Notas14](#), [Parashah35Notas15](#) en [Parashah35Notas16](#).

If you look up into His face and say, "Yes, Lord, whatever it costs," at that moment He'll flood your Life with His presence and power – Alan Redpath

Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses – Anonymous.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous.

Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him – Aldous Huxley.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*God gives His Own Self totally to us that we may offer ourselves completely to Him –
Watchman Nee.*

Torah Bespreking

Hersiening

B`midbar (Numeri) is die geskiedenis van hoe Israel vanaf die voet van die berg Sinai getrek het tot by Kades op die grens van die Beloofde Land Kanaän. Dit wat veronderstel was om ‘n reis van slegs enkele weke te wees het toe bykans 38 jaar geduur.

Daarom kan die geskiedenis van Israel in hierdie boek soos volg opgesom word: Israel het van Sinai af weggetrek en by Kades aangekom waar die verkenners slegte gerugte oor die Beloofde Land onder die volk versprei het met die gevolg dat Israel nie Kanaän wou binne gaan nie. Die gevolg hiervan was dat Israel vir 38 jaar in die wildernis sou swerf. In hierdie tyd het die ouer geslag gesterwe en sou die nuwe geslag Kanaän binnegaan.

Num. 1:1 tot 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Israel die tog na die Beloofde Land sal aanpak. Israel moet as ‘n afgesonderde (geheiligde; *kodesh*) en rein (*tahor*) gemeenskap, asook as eensgesind deur die wildernis na die Beloofde Land trek, anders sal YHVH nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir YHVH en naasteliefde sal hulle redding en behoud wees! Dit gaan Israel se toets wees of hulle YHVH in alles gaan vertrou!

Liefde: Die Vervulling Van Die Torah!

YHVH het Sy liefde vir Israel onteenseglik bewys, asook Sy liefde aan ons wat deel van Israel deur vertrou in Yeshua as Messias is. So ook het YHVH bewys gelewer dat Hy ‘n getroue Verbondsgod is. Al wat YHVH van Israel van ouds vereis het, en dit wat YHVH vandag van ons vereis, is vertrou en gehoorsaamheid wat gepaardgaan met liefde vir God en liefde vir ons naaste! Die liefde van Vader-God word in ons volmaak wanneer ons begeer en leer om as volgelinge van Yeshua volgens die Torah van die nuwe verbond te lewe.

Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. Hy wat sê: ‘Ek ken Hom’ en Sy opdragte nie uitvoer nie, is ‘n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6.

As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit. Joh. 14:15.

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:21.

Maar ons moet altyd onthou dat liefde vir YHVH en liefde vir naaste direk verbind is en dus op gelyke voet is – die een kan nie bokant die ander gestel word nie. Die hele wet en die profete “hang” aan liefde vir YHVH en liefde vir naaste (Matt. 22:40). Liefde is die gordynstok waaraan die “gordyn” van YHVH se Torah, en die “gordyn” van die Profete hang. Sonder ware liefde vir YHVH en vir naaste is daar niks waaraan die twee “gordyne” kan hang nie en is die “gordyne” – die Torah van YHVH en die woorde van die Profete – nuttelos!! Gehoorsaamheid aan die Torah soos dit in Yeshua vervul is, begin en eindig met liefde!

Die hele Torah, naamlik al YHVH ons God en Vader se onderrig, instruksies, wysheid en insig, kan in een woord saamgevat word: LIEFDE!! Dit is die openbaring van Sy liefde vir ons en ons beantwoord Sy liefde deur gehoorsaamheid. Hierdie gehoorsaamheid behels liefde vir Vader-God en liefde vir ons naaste! Daar mag nie 'n verskil in die mate van hierdie liefde wees nie, anders is ons vals (leuenaars).

7 Julle vir wie ons lief is, laat ons mekaar liefhê, want liefde is vanuit God en elkeen wat lief het, is vanuit God gebore en ken God ⁸omdat God liefde is en elkeen wat nie liefhet nie, ken God nie. ⁹Hierin is die liefde van God vir ons openbaar: dat God Sy enigste uniekgebore Seun in die wêreld ingestuur het sodat dit deur Hom kan lewe. ¹⁰Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun, die Vryspraak en Toedekking van ons sondes, gestuur het. ¹¹Julle, vir wie ons lief is, as God ons so liefhet, is ons dit verskuldig om mekaar lief te hê. ¹²Niemand het God ooit gesien nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword. 1 Joh. 4:7 tot 12.

Paulus herinner ons dan ook daaraan dat liefde vir ons naaste die vervulling (vervolmaking) van Torah (die geskrewe wet) is:

⁸ Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander liefhet, het die wet volledig gemaak. ⁹Want dít: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: 'Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.' ¹⁰Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. Rom. 13:8 tot 10.

Waarom lees ons in Rom. 13:8 en 10 dat naasteliefde die vervulling (vervolmaking) van die wet is? Wat dan van die gebod dat *jy moet YHVH jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand?* Is dit dan nie ook die vervulling van die wet nie? Ja, dit is, maar toe Yeshua gesê het dat jou liefde vir jou naaste die vervulling van die wet is, het Hy geweet dat as jy jou naaste liefhet soos jouself, sal jy YHVH ook met alles liefhê. Die moeilike deel van ware liefde, is liefde vir jou medemens. Dit is soveel makliker om YHVH lief te hê as om jou naaste lief te hê. Die toets van ware liefde is dus die liefde vir jou medemens.

Ons weet dat om YHVH bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself, is nie 'n nuwe gebod nie, want YHVH het reeds via Moses hierdie opdrag gegee. (Deut. 6:5; Lev. 19:18). Tog lees ons in Joh. 13:34 en 35 dat Yeshua gesê het dat Hy ons 'n nuwe gebod gee,

³⁴ 'n Nuwe opdrag gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê. ³⁵ Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolginge is, as julle liefde vir mekaar het.'

Soos reeds genoem weet ons dat volgens Lev. 19:18 en Deut. 6:5 is hierdie nie 'n "nuwe gebod" soos een wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Nee, dit was van die begin af daar. Hierdie feit word in 1 Joh. 2:7 en 8 bevestig waar Johannes ook oor die liefde praat en skryf dat dit geen nuwe gebod is nie, maar voeg dan by dat dit wel tog ook nuut is.

Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou opdrag, wat julle van die begin af gehad het. Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het en tog skryf ek aan julle 'n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle, dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn.

'n Skynbare teenstrydigheid? Nee!! Naaste liefde is 'n gebod wat van die begin af daar was (1 Joh. 3:11), maar dit het nou 'n nuwe betekenis gekry – dit het nuut geword.

Liefde is so oud soos die skepping self, maar in Yeshua Messias het dit ‘n nuwe lewe en varsheid verkry – as te ware ‘n herskepping (‘n ‘wedergeboorte’) wat dit ondergaan het om ewig nuut (jonk) te wees. Dit is die vernuwing (hernuwing) van dit wat reeds bestaan. In Yeshua word die verbond en die gebod van liefde weer nuut gemaak en kry dit nuwe betekenis en toepassing. Dit is in die lig van hierdie “nuutheid” wat die betekenis te vinde is van: *liefde is die vervulling van die wet.*

Bepeins of Bespreek

1. Onderstaande is ‘n baie goeie opsomming van wat liefde is! Meet jouself hieraan wanneer jy sê dat jy YHVH en jou naaste liefhet. Indien jy nie bereid is om YHVH, jou man of vrou, en jou naaste op hierdie wyse lief te hê nie, moet jy jouself ondersoek!

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

2. Het liefde die vervulling van die wet in jou lewe geword? Is liefde vir die Vader en liefde vir jou naaste die rede hoekom jy al Vader-God se gebooie soos ‘n kosbare skat bewaar en dit doen? Ware liefde vir die Vader en jou naaste word bewys deur gehoorsaamheid aan Sy Torah. Geloof, hoop en liefde – die heel belangrikste (uitnemendste) is liefde (1 Kor. 13:13), want dit is die vervulling van die wet. Alleenlik wanneer jy jou naaste liefhet soos jouself kan jy daarop roem dat jy YHVH jou God en Vader liefhet met jou hele wese!

YHVH se Weermag Onder die Banier van Yeshua

In verlede week se Torahskriflesing (Parashah 34) het ons geleer dat telkens waar Israel kamp opgeslaan het, was die tabernakel altyd in die middel met die twaalf stamme van Israel in ‘n bepaalde volgorde rondom die tabernakel – elkeen by die banier van die stam van wie hy deel was. YHVH het dus letterlik in die midde van sy volk gewoon!

יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Die seuns van Yisra’el moet kamp opslaan, elkeen by sy eie banier, langs die embleem van hulle vaders se huise; op ‘n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting, moet hulle kamp opslaan. Num. 2:1 en 2.

Vandag wil YHVH steeds in die midde van sy volk woon. In die midde van elkeen wat bely dat Yeshua die Lam van God is.

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, ‘n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.

Soos Israel van ouds moet ons ook ons tentwoning maak by die banier van die “stam” aan wie ons behoort, naamlik by die ware Israel (Jood en nie-Jood) waar die banier van Yeshua, Die Gesalfde Een, wapper!

Ons het ook geleer dat die doel van die sensusopname was om Israel in ‘n gedugte weermag te organiseer. Almal wat op kommando moes uittrek was getel (Num. 1:3). Hoewel YHVH die land Kanaän aan Abraham en sy nageslag belowe het, sou die inwoners weerstand bied en sou Israel dit nie sonder ‘n goed georganiseerde weermag kon verower nie.

Israel het dus vooraf geweet dat hulle in oorloë betrokke gaan wees. Net so moet ons ook besef dat ons as koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisédek en as afgesonderde volk van YHVH ook in 'n worsteltryd betrokke is.

want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel. Efes. 6:12.

Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar 'n geestelike 'oorlog' teen Satan en sy magte, teen die wêreldgesindheid en ons eie vleeslike begeertes. Ten einde suksesvol weerstand te bied en die oorwinning te behaal moet ons die wapenrusting van God aantrek

Trek daarom, al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat sal wees om die bese een te konfronteer en wanneer julle gereed is in alle dinge, sal julle staan. Efes. 6:13.

Maar ons moet ook gevul (toegerus) wees met die Afgesonderde Gees terwyl ons bedrewe moet wees in die gebruik van die swaard van die Gees, naamlik die Woord van God (Efes. 6:17).

Ons wapenrusting gaan oneffektief wees indien ons nie onself eerstens in gehoorsaamheid aan YHVH-God onderwerp nie.

Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug. Jak. 4:7.

Eers gehoorsaamheid en dan bied ons weerstand. Dan sal ons oorwinning oor die vyand behaal, want hy sal wegvlug!

Onthou ook Yeshua se woorde:

Yeshua antwoord en sê vir hom: "As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:23.

Indien die Vader en Yeshua by jou en my hul woning maak, sal Satan en sy bese magte elders gaan blyplek soek!!

Laat ons ook die woorde van Paulus onthou toe hy geskryf het:

3want hoewel ons in die uiterlike liggaam lewe, maak ons nie oorlog volgens die vleeslike nie, 4want die wapens van ons oorlog is nie van die vlees nie, maar vanuit die krag van God en daarmee onderwerp ons rebelse vestings, 5ons breek argumente en elke hoë skeiding wat teen die kennis van God opgerig word, af en neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Die Gesalfde Een. 6Ons is voorbereid om die straf uit te oefen op almal wat nie gehoorsaam nie, wanneer julle gehoorsaamheid volkome is. 2 Kor. 10:3 tot 6.

Wedergeboorte is om aan te meld vir diens in YHVH se 'weermag' en om opgelei en toegrus te word vir geestelike oorlogvoering!

Verduur booshede soos 'n goeie soldaat van Yeshua, Die Gesalfde Een. Niemand wat 'n soldaat is, is ook betrokke in die sake van die wêreld nie, om só die een tevrede te stel wat hom gekies het. 2 Tim. 2:3 en 4.

Maar nou moet ons die volgende vra: Waarom is dit dat die oorgrote meerderheid gelowiges in Yeshua as die Messias ook die stille meerderheid is wat feitlik geen invloed het nie om die

huidige tsunami van morele en geestelike verval te stuit? Gelowiges met geen, of weinig, invloed op die samelewing!

As soldate (krygsmanne) van Yeshua kan ons nie bekostig om onverskillig, oningelig en onbetrokke te wees oor die toenemende stryd wat om ons woed nie! Stilsweye, asook onkunde oor die ware toedrag van sake en 'n onverskillige houding van onbetrokkenheid, is vergelykbaar met 'n soldaat wat op die oorlogsfront sy wapens neergooi en vlug! 'Nuttelose' gelowiges wat toekyk hoe Satan al meer grondgebied in besit neem, en wat nie bereid is om openlik en doelgerig tot die stryd toe te tree om YHVH se Hemelse Koninkryk hier op aarde – hier in Suid Afrika – te vestig nie!

Ons het sedert die dae van Jan van Riebeeck in 1652 die geleentheid gehad om YHVH se Hemelse Koninkryk hier te vestig. Maar as ons kyk na die huidige situasie in ons land, dan moet ons erken dat die Christendom misluk het! Ons en ons voorouers het nie genoeg gedoen nie, want daar was te veel wat vanaf die rusbank van hulle geloof die stryd probeer voer het. Daar was te min bereidwilligers om vanuit die loopgrawe die geestelike stryd te voer, en om die opdrag van ons Bevelvoerder, soos opgeteken is in die Torah van Yeshua in Matt. 28:18 tot 20 uit te voer!!

18Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. 19Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering 20en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar.”

Die stryd tussen die Koninkryk van die Hemel en die koninkryk van die duisternis is 'n werklikheid ongeag wat enige iemand se geloofsoortuiging ook al is. En wanneer na die geheelprentjie gekyk word, is dit duidelik dat die magte van die duisternis die oorhand het! Ja, selfs binne die gemeente (die “kerk”)! Skynbaar vergete is die feit dat Yeshua gekom het om die werke van Satan te vernietig.

Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die teëstander te vernietig. 1 Joh. 3:8

En aan ons is die opdrag gegee om met die krag en hulp van die Afgesonderde Gees hiermee voort te gaan tot en met Yeshua se wederkoms. Ons gebed: ‘Laat u Koninkryk kom...’, sal slegs waar word indien ons met vreeslose ywer, en met vertroue in die wonderwerkende krag van ons Skepper-God, die magte van die duisternis aandurf! Daarom moet ons die woorde van Yeshua onthou:

Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Joh. 14:12.

Ons Bevelvoerder van die Koninkryk van die Hemel is Yeshua, Die Gesalfde Een, onder wie se banier ons veg! Hy is ons Koning, Hoofpriester en Profeet wat ons elkeen afsonderlik geroep het om vreesloos in hierdie stryd betrokke te raak. Laat ons weer aandagtig na die woorde van Paulus luister:

15Om hierdie rede, let op, vandat ek gehoor het van julle vertrou wat in ons Meester Yeshua is en julle liefde tot die afgesonderdes, 16hou ek nie op om dankie te sê vir julle en om julle te

onthou in my gebede nie ¹⁷sodat die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gesaam met kennis van Hom ¹⁸en dat die oë van julle verstand, wil en emosie verhelder sal word sodat julle kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes ¹⁹en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou, volgens die effektiewe aksie van Sy krag ²⁰ wat Hy gewerk het in Die Gesalfde Een toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemel, ²¹ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. ²²Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit³ en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente, ²³wat Sy liggaam is, gegee; die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak; Efes. 1:15 tot 23.

Ons Bevelvoerder sit aan YHVH se regterhand in die hemel, ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit en is aangestel as Hoof oor die gemeente, wat Sy liggaam is.

Daarom: Mag die oë van ons verstand, wil en emosie verhelder word sodat ons kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping is en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou. Ons is geroep om vreeslose krygers te wees, want ons het die versekering van die oorwinning oor die magte van die duisternis en hulle bevelvoerder Satan.

Maar die keuse is of jy en ek bereid is om onder die banier van Yeshua Messias na die oorlogsfront te gaan en betrokke te raak in die geveg – ‘n geveg vir ons en ons kinders se fisiese en geestelike oorlewing – en of ons eerder die weg van stilswye en van die minste weerstand gaan kies. YHVH laat elkeen toe om te kies watter rol om in hierdie epiese stryd te vervul. Jy kan die rusbank kies of die oorlogsfront! Maar wees verseker ons elkeen sal geoordeel word volgens ons keuse! En wees ook verseker dat die prys om nie betrokke te raak nie, of om so min as moontlik betrokke te raak, is ‘n baie duur prys wat ons uiteindelik sal moet betaal, maar nie sal kan bekostig nie!

Die geestelike en morele verval wat orals aan die orde van die dag is, is die resultaat van die stilswye en onverskillige onbetrokke houding van diegene wat bely dat Yeshua hulle Meester en Messias is. David Fiorazo verduidelik dit soos volg:

Why does it seem Christians are almost always on the defensive rather than preaching the gospel, influencing culture, and standing up for Christ and His truth? Jesus Christ enlisted us in active service, and we are to make it our goal to obey and please Him (2 Corinthians 5:9). As soldiers of an eternal army, we cannot afford to be indifferent or ignorant about the intensifying battle all around us. When we are silent and fail to engage in warfare, we become ineffective for God's kingdom including the important work of making disciples.

Though we say we trust God, believe the Bible, and are somewhat aware of the battle, we will avoid or ignore it and live this temporary life for ourselves and our earthly families. We may do some good works, but fail to see the big picture. This will often produce an empty existence, and as our faith becomes lukewarm, our lives will be of no consequence where God's purposes and eternity are concerned.

The path of least resistance however, has been to not even show up for the battle and not let anyone else know what side we're on. Rather than stand firm when opposition increases, many of us duck conversations about sin, the Bible or our faith so we won't ruffle any feathers. Thus, we avoid the very mention of Jesus' name in public (The Cost of Our Silence; <http://davidfiorazo.com/2016/06/storming-the-gates-of-hell-christians-on-offense/>).

Ons moet egter die woorde en vermaning van Yeshua nie vergeet nie:

³²Elkeen dan wat My sal erken voor die mense, hom sal Ek ook erken voor My Vader wat in die hemel is, ³³maar elkeen wat My ontken voor die mense, hom sal Ek ook ontken voor My Vader wat in die hemel is. Matt. 10:32 en 33.

Daarom, laat ons die volgende woorde van Paulus ter harte neem:

*¹Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk: ²**verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering**, ³want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymeekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel ⁴en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai. ⁵**Jy egter, wees waaksaam in alles. Verdra booshede; doen die werk van 'n verkondiger van die goeie boodskap en vervul jou bediening**, ⁶want ek word daarom as 'n offer geoffer en die tyd van bevryding het aangebreek. ⁷Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertrouwe behou. ⁸Van nou af is daar vir my opsy gesit die kroon van onpartydige opregtheid waarmee my Meester my sal beloon op die dag wat Hy die regverdige sal beoordeel en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy openbaring liefgehad het. 2 Tim. 4:1 tot 8.*

Mag ons ook eendag soos Paulus sê: Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertrouwe behou. En laat ons ook almal onthou dat ons Meester sal ons beloon op die dag wat Hy die regverdige sal oordeel – almal wat Sy openbaring liefgehad het!

Opsommend:

- *A great man once said, "That which we tolerate today we will embrace tomorrow" – Anonymous.*
- *G. K. Chesterton once said, "Tolerance is the virtue of the man without convictions." I would add that tolerance and compromise is the creed of a coward. There seems to be very little most will not endure (tolerate and compromise with) to preserve their pay check or keep "peace" in their lives – Butch Paugh.*
- *Evil prevails when good men do nothing – Anonymous.*

Bepeins en Bespreek

1. Het die Messiaanse Beweging die opdrag van Yeshua in Matt. 28:18 tot 20 vergeet en geruil vir onderrig deur Rabbynse Judaïsme? Het laasgenoemde daarin geslaag om ons fokus van ons roeping af weg te neem? Het die Messiaanse Beweging hulle passie verloor vir die verkondiging van die Blye Boodskap van vergifnis en versoening deur die onverdiende guns in Yeshua? Ek wil elkeen aanmoedig om na hierdie kort video van Paul

Washer (*This is War*) te kyk <https://www.youtube.com/watch?v=Cln0Cl-a7M>. Ja, hy is 'n Christen wat nie al die openbaringe van Torah-gehoorsaamheid het nie, maar hy het 'n brandende passie om die Vader se reddende genade deur Yeshua te verkondig – en dit is die les wat hy ons almal leer!

- Volgens die Skrifte van die nuwe verbond sal Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias verwerp, nie die Koninkryk beërwe nie. Moet ons nie met dieselfde ywer wat ons Torah by hulle wil leer, hulle ook van Yeshua vertel nie? Waarom het die Messiaanse Beweging die ywer om met die huis van Juda te verenig, maar in die proses word Yeshua uit die eenwording weggelaat? Is dit nie om Yeshua te verloën nie? Onthou wat in Matt. 10:32 en 33 geskryf is, asook in Mark. 6:10 en 11 ten opsigte van diegene wat nie die waarheid wil hoor nie!! Moet ons nie ook versigtig wees wie ons in ons huise in nooi nie, veral die wat nie die leer van Yeshua Messias verkondig nie. Lees 2 Joh. 1:10.

Num. 6:22 tot 27 – Die Priesterlike Seën

(Die *Birkat Kohanim*)

²²יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: 23 "Praat met Aharon en sy seuns en sê: 'Op die manier moet julle die seuns van Yisra'el seën. Sê vir hulle: 24 "יהוה seën jou en onderhou jou; 25 יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns; 26 יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid." 27 So sal hulle My Karakter en Outoriteit (Naam) op die seuns van Yisra'el lê en Ek sal hulle seën."'" Num. 6:22 tot 27.*

Om 'n seën (seënbede; saligspreking) uit te spreek is om YHVH se goedheid en guns oor iemand (of groep) te verklaar. Dit het die krag dat die seën wat uitgespreek word, vervul sal word (waar sal word). Maar dit is nie 'n 'towerformule' nie! Die wil van YHVH is in dié verband steeds soewerein. YHVH het dit egter beveel en daarom kan ons die waarde en krag van seënbedes nie gering skat nie.

Die een wat die seën uitspreek, is slegs die instrument in YHVH se hand. Daarom is dit die gebruik om die hande hemelwaarts op te hef wanneer hierdie seënbede oor 'n groep uitgespreek word.

Die Hebreeuse letter *shin* word met die priesterlike seën verbind en met die woord *Shaddai*, waarvan een van die Name van YHVH, naamlik *El-Shaddai*, afgelei is. Hierdie Naam beteken: Die Magtige God wat meer as genoeg is.

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? Eks 6:3.

Van die begin af het YHVH vir Israel gesê dat Hy meer as genoeg is in alle opsigte. Hy is 'Yireh' – wat voorsien, maar Hy is baie meer; Hy wat meer as genoeg is in alle opsigte. *Shaddai* is ook 'n element in Israel van ouds se name, soos byvoorbeeld: *Ammishaddai* ("Volk van Shaddai"; Num. 1:12) en *Tzurishaddai* ("My Rots is Shaddai"; Num. 1:6).

Deur die hande hemelwaarts op te hef wanneer hierdie seënbede oor 'n groep uitgespreek word, is om erkenning te gee dat alle seën vanaf YHVH kom en nie vanaf 'n mens nie. Die feit dat die woord *sê* ook drie keer in vers 22 en 23 gebruik word, is ook 'n herinnering dat YHVH die een is wat seën. Onthou: Alle goeie gewoes daal van bo af neer.

Alle geskenke wat goed en volmaak is, kom van bo af, vanaf die Vader van Lig. By Hom is daar geen verandering of skaduwee van wysiging nie. Jak. 1:17.

Daarom is die priesterlike seën 'n geskenk van YHVH wat goed en volmaak is. Dit is 'n geskenk wat ons ontvang en wat ons aan ander moet uitdeel!

'n Seënbede is ook om Vader-God te vra om die persoon (of groep) met Sy beskerming en liefdevolle sorg te omvou. Ons vra, en vertrou, die Vader om op 'n positiewe wyse op te tree (in te gryp) in die lewe van diegene oor wie ons YHVH se seënbede spreek.

want dit is U wat die regverdige man seën, o יהוה, U omring hom met guns soos met 'n skild.
Ps. 5:12

Red U volk, seën U erfenis en wees vir hulle 'n Herder en versorg hulle vir ewig. Ps. 28:9.

Die priesterlike seën behels die volgende:

- ❖ יהוה *seën jou en onderhou jou* – Dit dui op die fisiese en materiële dinge wat met Torah-gehoorsaamheid gepaardgaan en ondermeer in Deut. 28:1 to 14 beskryf word. Ons vra Vader-God vir Sy goedheid en guns, naamlik om in al ons behoeftes te voorsien. Maar ons vra Hom ook om ons te help om dit wat Hy deur Sy goedheid en guns voorsien het te bewaar (te onderhou) sodat die dief (Satan) dit nie kan steel nie (Joh. 10:10). Die Hebreeus vir onderhou is *sh'mar* en beteken om *te beskerm, te bewaak en wag te staan*.
- ❖ יהוה *laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns* (YHVH sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees): Twee aspekte is hier ter sprake, naamlik:
 - Dit is om te vra dat Vader-God stralend en glimlaggend na ons sal kyk soos 'n trotse ouer na sy kind sal kyk. By implikasie beteken dit om YHVH te kan sien, maar ons kan Hom nie van aangesig tot aangesig sien nie. Ons kan egter wel deur Vader-God se onderrig en instruksies (Torah) Hom *sien*. Verder verwys *oor jou skyn* na die lig van Torah (Ps. 119:105 en 130; Spr. 6:3; Joh. 1:1 tot 14; 8:12; 9:5). Ons vra Vader-God dus vir die kennis en insig, asook die wysheid van Torah. Dit is om YHVH te vra om ons oë te open dat ons die wonders uit Torah kan sien (Ps. 119:18). Ons vreugde wat ons in Torah vind is die rede dat die Vader stralend en glimlaggend na ons kyk.
 - Tweedens vra ons Vader-God vir Sy onverdiende guns (genade), naamlik die vergifnis van sonde. Onverdiende guns beteken dat Vader-God vergewe en dan stralend en glimlaggend na ons kyk. Daar is geen 'kwade gevoelens' nie!! Deur geloof in Yeshua as Messias word ons hierdie onverdiende guns deelagtig en kry ons insae in die breedte en lengte en diepte en hoogte van YHVH Yeshua se liefde (Ef. 3:14 tot 20)

- ❖ יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid (YHVH sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede – shalom – gee): Wanneer jy iemand van aangesig tot aangesig sien, sal sy gesiguitdrukking sy gesindheid teenoor jou weerspieël. Hierdie deel van die seënbede sluit dus aan by: *YHVH sal Sy aangesig oor jou laat skyn*. Wanneer ons YHVH se onderrig en instruksies met vreugde ontvang en dit toepas, dan sal YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor ons skyn. Dan sal ons ‘n lewe in oorfloed ervaar (Joh. 10:10b). *Laat u aangesig skyn oor u kneg, en leer my u insettinge.* (Ps. 119:135).

Yeshua het as Hoëpriester volgens die orde van Melgisédék die priesterlike seën oor die dissipels gespreek net voor Sy hemelvaart (Luk. 24:50 en 51). Yeshua is die Prins van Vrede – *Shar Shalom* (Joh. 14:27 en 20:19; Jes.9:5 – Vredevors). Hy is die priesterlike seën van YHVH (1 Joh. 5:12). Yeshua is die Prins van Vrede, Voorspoed, Gesondheid en Vergenoegdheid!!

Volgens Num. 6:27 is dit belangrik om Vader-God se Naam, naamlik YHVH (יהוה – Yahuah) op die kinders van Israel te lê!! Die Almagtige se Naam is nie Here of God nie. Nee, dit is slegs ‘n beskrywing van Sy hoedanighede! Daarom moet ons die ware Naam van God gebruik wanneer ons iemand, of ‘n groep, seën, want op die wyse plaas ons die Naam, naamlik die Karakter en Outoriteit, op elkeen wat ons seën.

Wanneer ons die priesterlike seën oor iemand spreek, dan doen ons dit in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua. Dit is om die Vader se seën te vra en Yeshua het gesê dat alles wat ons in Sy Naam vra sal waar word!

¹³*Enige iets wat julle ook al in My Outoriteit en Karakter mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word.* ¹⁴*As julle iets in My Outoriteit en Karakter vra, sal Ek dit doen.* Joh. 14:13 en 14.

In die lig van die verduideliking en betekenis van Lev. 6:22 tot 27 is Jay Christianson se weergawe van die priesterlike seënbede soos volg:

May the Lord bless you with all the material prosperity you need, and may He protect it so that you can do good works, especially that you may have the time to learn His Word.

May He give you insight into His Word so that you can see the absolute wonder of Who He is, how He's causing all things to work for good in His plan, and through that, grant you favor with God and man.

May He top it off with everything you don't deserve but desperately need, everything that He is more than willing to give you through His covenant love and affection, and may you be overwhelmed entirely with His peace!

Bepins of Bespreek

1. Judaïsme het die gebruik om aan die begin van Shabbat hulle kinders met olie te salf en te seën met die priesterlike seën. Dit is ‘n gebruik wat nagevolg behoort te word, veral vir ons wat Yeshua as Hoëpriester het!
2. Hoekom het ons dikwels ‘n vrees dat ‘n vloek wat uitgespreek word waar sal word, terwyl ons maklik twyfel of ‘n seënbede waar sal word?

3. Die verkondigers van die voorspoedling leer hulle volgelinge dat slegs geloof (vertroue) nodig is om YHVH se seënige te ontvang? Maar luister wat is geskryf in Spr. 28:9 – *Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is 'n verwerplikheid!!* Bevestig hierdie Skrif dat gehoorsaamheid aan YHVH se Torah (al tien die gebooie) die eerste vereiste is? Hoeveel goedbedoelende gelowiges druk hulle ore toe vir die vierde gebod?!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.